Sawa Panorama – Nuusbrief Junie 2013

Die naweek van 14-17 Junie het ons weggebreek uit ‘n koue Nelspruit, na ‘n warmer klimaat en ‘n heerlike ontspanne naweek in Skukuza gehad. Ons het weereens besef hoe gelukkig ons is om so teenaan die Wildtuin te bly.

Ai, daar is darem niks so lekker soos ‘n kampvuurtjie en die naggeluide van die Wildtuin rondom ons nie!

Dit was ook ‘n baie spesiale naweek vir oom Koot en tannie Lynn, wat die naweek vantevore getroud is, en nog op wittebrood was. Baie geluk julle twee!!!

Die Bushbaby”s (nagapies) was goed besig deur die aande, en ons wat hulle gesien het was verstom oor hoe groot hulle eintlik is!!

Daar is ook met spesiale flitse geloop snags en gesoek na skerpioene, maar in die hele kamp kon daar net een gesien word.

Tannie Tina en oom Tienie was natuurlik baie gelukkig en het meer as een keer luiperde gesien, seker omrede hulle in ‘n splinternuwe voertuig na die diere gaan soek het! Om nie eers te praat van die nuwe karavaan (Romany) nie!

Chris en Willie was so gelukkig om vir Vadersdag te gaan golf speel!

Panorama Groete tot ‘n volgende keer

Thea



Kyk hoe lek hy sy lippe af

Nuwe motor en nuwe karavaan! Lekkerrrrrr

Oom Phyllip en tannie Ans

So bad mens lekker as jy kamp

Chris en Willie het gaan golf speel

Sink hom Willie!!

Ons gelukkie oppad uit

Wonder hoe lank gaan ons dit nog kan sien?